

# DISSIPELSKAP LES 32

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van y teenwoordigheid en vir die luister na y stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] EKSODUS 11:1 – 14:31
---	------------------	-------------------------------------

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Eksodus 11:1 – 14:31). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy sê nie.

3	MEMORISERING (20 minute)	[DIE EVANGELIE] VERLOSSING IS 'N GESKENK. EFESIËRS 2:8-9
---	--------------------------	---

## A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

**Lees** Efesiërs 2:4-10. “Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. (Letterlik: “Dit” in plaas van) “Hierdie redding” (beter vertaling: “hierdie geloof”)<sup>1</sup> kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het.”

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(4)

Verlossing is 'n geskenk Efesiërs 2:8-9
Julle is inderdaad uit genade gered, deur <b>geloof</b> . Hierdie redding (beter: hierdie geloof) kom nie uit julleself nie; <b>dit is 'n gawe</b> van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.
Efesiërs 2:8-9

Efesiërs 2:8-9
----------------

NLV. “Dis mos dié onverdiende goedheid wat julle gered het toe julle tot geloof gekom het. En julle geloof kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle daade nie. Niemand kan daarvoor grootpraat nie.”

### 1. God se liefde, barmhartigheid en genade.

Wat is die verskil tussen liefde, barmhartigheid en genade? God is liefde (1 Johannes 4:8), barmhartig (Lukas 6:36) en genadig (Eksodus 34:6). Omdat God ondeurgrondelik is, al sy liefde vir sondaars ook onbegryplik en uniek bly (Deuteronomium 7:7-8). God se barmhartigheid en genade is aspekte van sy liefde. Gods barmhartigheid is sy liefde vir ons as drommels/oortreders wat medelye nodig het. En sy genade is sy onverdiende liefde vir ons as skuldige en onwaardige mense wat vergewing en verlossing nodig het.





<sup>1</sup> In die Griekse grammatika slaan die woord “dit” op die naaste woord daarvoor: dus op “geloof” en nie op “redding” nie! Behalwe “redding” is ook “geloof” 'n gawe van God (Handelinge 13:48; Handelinge 16:14; Handelinge 18:27; Efesiërs 2:8; Filippense 1:29; Hebreërs 12:2; 2 Petrus 1:1).

## 2. Verlossing is uit genade vir ons gegee en nie deur werke verdien nie.

God verlos ons uit genade van die sonde sonder dat ons dit verdien.

- Hy verlos ons van die skuld van die sonde deur ons volkome te vergewe!
- Hy verlos ons van die verontreiniging/besoedeling van die sonde deur ons te reinig (1 Johannes 1:9).
- Hy verlos ons van die mag van die sonde deur ons van bepaalde verslawings te bevry en ons 'n nuwe natuur te gee sodat ons die nuwe lewe kan leef.
- Hy verlos ons van die straf vir die sonde deur ons die ewige lewe te gee.

Verlossing uit genade is die teenoorgestelde van verlossing deur verdienste (bv. deur die wet te hou of die godsdienstige verpligtinge na te kom).

<p><b>Die manier van alle ander godsdienste is om te probeer om verlos te word (geregverdig te word) deur eie werke (verdienste)</b></p>  <p>• die wet hou • goeie werke doen • godsdienstige pligte nakom (bid, vas, geld gee, ens.) Verlossing moet verdien word!</p> <p>0  alle mense staan op de nullyn 0</p> <p>Hulle glo dat kinders onskuldig is by hul geboorte en dat elkeen homself moet red (verlos) deur op die trapleer van eie (godsdienstige of goeie) werke op te klim na God toe.</p>	<p><b>Die unieke weg van Jesus Christus is dat die gelowige gered/verlos (geregverdig) word uit/deur genade van God en die verdienste van Christus (sy dood en opstanding).</b></p>  <p>• Christus het die wet vervul! • Sy verdienste is sy sterwe aan die kruis/soendood en opstanding! Verlossing is 'n geskenk!</p> <p>0  alle mense staan ver onder die nullyn!</p> <p>Christene glo dat almal in sonde gebore is, verlore is, 'n Verlosser nodig het (Psalm 51:7; Job 14:4; 15:14) en alleen deur Jesus Christus verlos kan word of waarlik verlos word.</p>
--	--

As mens verlos (geregverdig) kan word deur eie verdienste, byvoorbeeld deur die wet te hou, goeie werke te doen of sekere godsdienstige verpligtinge na te kom (d.w.s. soveel keer per dag te bid, soveel keer te vas, soveel geld te gee en soveel pelgrimsreise te onderneem), dan het mense God en sy verlossingswerk nie meer nodig nie. Dan het mense nie die kruisdood en opstanding van Jesus Christus in hul plek nodig nie! Dan kan mense voor God roem, pronk of spog dat hulle hulself verlos het!

Maar die Bybel sê dat mense alleen verlos kan word deur die genade van God en nie deur hulle eie werke of verdienste nie! God is die Outeur van verlossing, die Bewerker van verlossing deur Jesus Christus en de Skenker van verlossing. Hy bied verlossing as 'n gratis geskenk aan. Verlossing moet met leë hande aangeneem word! Niemand kan verlossing verdien of koop of deur 'n lotery wen nie!

## 3. Verlossing is deur geloof.

Alle christene glo dat mense alleen verlos word uit Gods genade, deur die soendood van Jesus Christus en deur hulle geloof. Maar Christene het verskillende menings oor wat “geloof” is. Sommige Christene sê dat alleen genade 'n geskenk van God is en dat geloof nie 'n geskenk van God is nie, maar die plig van die mens. Ander Christene sê dat sowel genade as geloof 'n geskenk van God is.

- (1) Die mening dat geloof nie 'n geskenk van God is nie, maar net die verantwoordelikheid van die mens is.

Hierdie Christene sê dat die woorde, “en dit nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God” nie na “geloof” verwys nie, maar na “verlossing uit genade”. Dus meen hulle dat “verlossing 'n onverdiende geskenk van God is en “geloof” is nie 'n onverdiende geskenk van God nie, maar eerder 'n plig of verantwoordelikheid van die mens. “Geloof” is dus 'n soort van “goeie werk van die mens”.<sup>2</sup>

Hierdie mening is onwaarskynlik, omdat as jy sê, “Verlossing is uit genade” en daarna, “Verlossing is 'n geskenk” dan is die uitspraak 'n onnodige herhaling! Buitendien in die Griekse grammatika verwys die woorde: “en dit” (Grieks: kai touto)<sup>3</sup> meer natuurlik na die direkte voorafgaande woord “geloof” as na die werkwoord wat verder weg gebruik is (“is verlos”).

<sup>2</sup> Sommige christene noem dit “evangeliese gehoorsaamheid”.

<sup>3</sup> A Greek-English Lexicon of the New Testament, Bauer, Arndt and Gingrich sê dat “kai touto” 'n “kai explicative” is, d.w.s. 'n woord wat toegevoeg word met die doel om die voorafgaande woord uit te lê! Die voorgaande woord is “geloof” en nie “redding” nie.

(2) De mening dat geloof 'n geskenk van God én de verantwoordelikheid van die mens is.

Hierdie Christene sê “genade is die werk van God, nie van 'n mens nie” en “geloof is 'n geskenk van God, nie deur 'n mens uit homself voortgebring nie”. Hoewel “geloof” die verantwoordelikheid en aktiwiteit van die gelowige is (Markus 1:15; Romeine 1:16), lê Efesiërs 2:8-9 nietemin die klem op die feit dat “geloof” in sy begin en in sy voortsetting geheel van God afhanklik is! In Efesiërs 2:7 praat Paulus oor die allesoorheersende rykdom van Gods genade en gee in vers 8 'n bewys van hierdie genade, naamlik, dat die Christene in Efese gered is uit genade, deur die geloof. Om te voorkom dat die Efesiërs gaan dink dat hulle beloon word deur hulle geloof, voeg Paulus onmiddellik toe dat die geloof (die beoefening van geloof) nie iets is wat jy uit jouself voortbring (verwek) nie, maar 'n geskenk van God is!

Geloof is verseker 'n verantwoordelikheid en aktiwiteit van die mens, maar die verantwoordelikheid en aktiwiteit is alleen moontlik nadat God geloof as 'n onverdiende geskenk gegee het. “Geloof” word eers deur God gegee en daarna deur die mens beoefen, net soos “liefde” eers deur God geskenk word (Romeine 5:5) en daarna deur die mens beoefen kan word (Markus 12:30-31) en net soos “heiliging” eers deur God geskenk word (Romeine 6:6; 1 Korintiërs 1:30) en daarna deur die mens beoefen kan word (Romeine 6:19; 1 Petrus 1:15-16).

Die verlossing van 'n mens is van begin tot einde volkome afhanklik van God. Dit is die werk van God dat julle glo in Hom Wat Hy gestuur het” (Johannes 6:29). “Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom” (Filippense 1:6). Al die volgende Bybelgedeeltes praat oor “geloof” as 'n geskenk van God! “Almal wat (deur God) vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword” (Handelinge 13:48). Dus, geloof word deur God geskenk. “Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak” (Handelinge 16:14). Dus God het gemaak dat sy kon glo en inderdaad geglo het. “Daar aangekom, was hy tot groot hulp vir dié wat deur die genade van God gelowig geword het” (Handelinge 18:27). Dus hulle geloof was 'n gawe van God. ('n Beter vertaling:) “God het julle uit genade die voorreg gegee om terwille van Christus, nie alleen in Hom te glo nie, maar ook ter wille van Hom te ly” (Filippense 1:29). Dus geloof is 'n voorreg wat uit genade geskenk word. “Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het” (2 Petrus 1:1). Geloof is dus 'n kosbare geskenk van God. Samevattend: “Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlose mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer” (Filippense 2:12-13). Dus God maak 'n mens gewillig en geskik om te glo.

“Geloof” is alleen moontlik na die hoor van die evangelie (Markus 1:15; Romeine 10:17)! En die evangelie kan net gehoor word as God iemand stuur om die evangelie aan jou te verkondig (Romeine 10:14-17). “Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo. Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus” (2 Tessalonicenzen 2:13-14). “Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring” (2 Timoteus 1:9-10)!

#### 4. Die verhouding tussen geloof en werke.


(1) Ons word nie verlos deurdat ons goeie werke doen nie (Efesiërs 2:9).

Deurdat mens 'n morele en deugsame lewe lei en alle gebooie van God hou, word geen mens in God se oë geregtig nie. “Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek (geregtig) word nie; intendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is” (Romeine 3:20)! Mense word nooit in God se oë geregtig deur die doen van goeie werke of godsdienstige pligte nie (soos bid, vas, geld gee en 'n pelgrimsreis te maak), omdat hierdie manier God sou beroof van sy eer en heerlikheid wat in die verlossingswerk van Christus aan die kruis geopenbaar is en ons uit onverdiende genade geskenk is. Geen mens word deur sy eie inspanning verlos (gered, salig, behou) nie, maar alleen deur God se ewige besluit wat Hy in die tyd uitwerk deur die verkondiging van die evangelie en die oortuiging van die Heilige Gees (2 Tessalonicenzen 2:13-14). Elke grond om in onself te roem, word uitgesluit!

(2) Ons word verlos om goeie werke te doen (Efesiërs 2:10).

Die doel van ons skepping (geboorte) en ons geestelike herskepping (wedergeboorte) is om goeie werke te doen. Nog voor die grondlegging van die wêreld het God al die plan gehad dat die bestaan van mense op die aarde sinvol en belangrik is (Efesiërs 1:4). Ons hele lewe behoort met goeie werke gevul te wees, goeie werke wat God voorberei het dat ons daarin sou wandel. Dus, selfs die goeie werke wat ons doen nadat ons tot geloof gekom het, kom nie uit onself voort nie, maar is 'n produk wat God voorberei het.

Alle goeie werke is “uit God, deur God en tot God”. God is die Outeur van goeie werke, Die Een wat ons in staat stel om goeie werke te doen en Hy is ook die Doel van goeie werke. Die oorsprong van ons lewe, ons hede en ons toekoms is net van God afhanklik. Aan Hom die eer (Romeine 11:36)!



Verlossing kan voorgestel word as 'n boom wat bloei en vrug dra. Die wortel van verlossing is God se genade waardeur Hy ons Sy Heilige Gees en die geloof skenk. Die vrug van verlossing is goeie werke wat Hy al voorberei het sodat Christene daarin kan wandel. Jesus Christus wil hê dat mense wat in Hom glo baie en blywende vrug sal dra (Johannes 15:5,16)! Ons christelike gedrag en dade werk saam met ons christelike geloof en rond ons geloof af (Jakobus 2:22).

## B. MEMORISERING EN HERHALING/REPETISIE

### 1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op 'n kaartjie of op 'n bladsy van 'n notaboekie.

### 2. Leer.

Leer die Bybelvers op die korrekte manier uit jou kop. (4) Verlossing is 'n geskenk. Efesiërs 2:8-9.

### 3. Repeteer.

Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelvers na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) [GEMEENTE / KERK] DIE DOELE VAN DIE GEMEENTE. EFESIËRS 4:1-16
---	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Efesiërs 4:1-16.

### STAP 1. LEES.

### GOD SE WOORD

**Lees.** Ons gaan Efesiërs 4:1-16 met saam bestudeer.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees tot die gedeelte klaar gelees is.

### STAP 2. ONTDEK.

### WAARNEMINGS

**Oorweeg.** WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART/GEVOEL?

**Skryf neer.** Ontdek een of twee waarhede in die Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagte neer in jou Bybelstudienotaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

4:1-11

Ontdekking 1. Die groei van die gemeente is uiters afhanklik van eenheid en verskeidenheid.

Die groei van die gemeente is afhanklik van die eenheid in die Gemeente. En hierdie eenheid is weer afhanklik van die manier waarop christene leef. As alle Christene die weg bewandel wat pas by hulle roeping as Christene, naamlik, om beskeie te wees, sagmoedig, geduldig, verdraagsaam en liefdevol te gedra, dan sal die Gemeente (Kerk) baie makliker 'n eenheid wees en groei (Efesiërs 4:1-6).

Die groei van die Gemeente is afhanklik van die verskeidenheid in die Gemeente. En hierdie verskeidenheid is weer afhanklik van die funksionering van die genadegawes van die Christene. As alle Christene met hulle verskillende genadegawes (geestesgawes) dien, dan sal die Gemeente (Kerk) baie makliker 'n eenheid wees en groei. Elke Christen sal voel dat hy nodig is en sal vir ander die gevoel gee dat hulle ook nodig is (Efesiërs 4:7-11).

4:12-16

Ontdekking 2. Die groei van die gemeente is uiters afhanklik van verhoudings, volwassenheid en spesifieke bedienings van die gemeente.

Verhoudings wat gebaseer is op die waarheid en liefde (Efesiërs 4:15) laat die Gemeente groei. Volwasse Christene wat hulle eie persoonlike christelike oortuigings het (Efesiërs 4:13-14) laat die Gemeente groei. En verskillende christelike bedienings (Efesiërs 4:12,16) laat die Gemeente groei. Hoe meer bedienings daar in die Gemeente is, hoe meer verskillende Christene aktief betrokke sal wees in die Gemeente. Eenheid op die basis van eenvormigheid maak geestelike groei dood, maar eenheid gebaseer op 'n groot verskeidenheid van bedienings en gawes bevorder groei van die Gemeente!

### STAP 3. VRAAG.

### UITLEG

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Efesiërs 4:1-16 te begryp en vrae te stel oor wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om hulle vraag voor te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel as moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

## (1) DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE IS OM DIE CHRISTELIKE LEWE SIGBAAR UIT TE LEEF.

4:1-2

### Vraag 1. Tot watter soort lewe roep God christene in die Gemeente op?

**Aantekeninge.** Efesiërs 4:1 sê: “Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.” 'n Christelike lewe wat God se roeping waardig is, word gekenmerk deur sewe deugde: beskeidenheid, sagmoedigheid, geduld, verdraagsaamheid, liefde, vrede en eenheid. Kom ons gee aandag hieraan:

(1) Wat is sagmoedigheid?

'n Christen wat sagmoedig is, het die innerlike krag om liewer onreg te verdra as om terug te betaal in eie munt. 'n Sagmoedige mens is nie 'n swakkeling en futlose persoon wat maar buig voor elke windjie nie, maar hy bly selfbeheersd as hy geïrriteerd word. Hy word nie maklik aangehits om negatief te reageer nie. Hy vat nie gou dit wat andere dink of sê op as 'n persoonlike aanval nie. Hy staan nie gou op sy regte nie. Hy besef dat sy regte eintlik voorregte is wat God hom uit genade skenk.

(2) Wat is vrede?

'n Christen het vrede met God en met ander mense. Vrede met God beteken om vry te wees van skuld. Vrede is die oortuiging dat sonde uit die verlede vergewe is. Vrede beteken om vry te wees van vrees. Vrede is die oortuiging dat die teenswoordige moeilikhede ten goede sal meewerk. Vrede beteken om vry te wees van die gevoel van verlatenheid. Dit is die gevoel dat die toekoms jou nie van God kan skei nie. Vrede met God bring rustelose gedagtes tot rus, vul 'n leë hart met tevredenheid en maak 'n gebroke lewe weer heel. Vrede met ander mense beteken die afwesigheid van gevoelens van skuld, vrees of verwerping. Vrede met ander mense beteken dat stryd vervang is met harmonie en afbraak van karakter met opbou. Vrede is die vrug van heling, dit wat gebroke was, is weer heel gemaak!

---

## (2) DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE IS OM DIE EENHEID TE BEWAAR.

4:3

### Vraag 2. Hoe handhaaf christene prakties die eenheid van die Gees?

**Aantekeninge.** Sommige voorstelle om die eenheid van die Gees te handhaaf, is:

- Beskou jouself eerder as 'n lid van die Liggaam van Christus as 'n lid van een of ander kerkgenootskap.
- Laat verskillende gemeentes dieselfde Apostoliese Geloofsbelydenis en dieselfde “Ons Vader” gebed gebruik.
- Belê 'n vergadering van christelike gemeentes in jou stad en probeer die groot opdrag saam uit te voer.
- Organiseer eenmaal per jaar 'n byeenkoms van alle Christene in jou buurt. Sing liedere saam, bespreek 'n bekende Bybelgedeelte met mekaar en bid saam.
- Help 'n worstelende gemeente om weer op die been te kom.

4:4-6

### Vraag 3. Watter eenheid moet christene bewaar?

**Aantekeninge.** In Efesiërs 4:1-6 val die klem op die eenheid van die Gemeente (Kerk). Die eenheid van die Gemeente is nie uiterlik en georganiseerd nie, maar innerlik en organies. Eenheid word nie van bo af deur een of ander oorkoepelende organisasie of kerkgenootskap afgedwing nie, maar is die resultaat van Jesus Christus wat in haar woon.

- Volgens die Bybel behoort elke gemeente onder haar eie raad van oudstes (ouderlinge) volkome onafhanklik van oorkoepelende strukture te wees.
- En volgens die Bybel behoort alle plaaslike gemeentes in die wêreld onder hulle Hoof Jesus Christus (en nie onder een of ander oorkoepelende organisasie soos konsilie, sinode, konferensie of kerkgenootskap) onderling afhanklik te wees (deur bv. 'n gereëde byeenkoms waar met mekaar oorleg gepleeg word).

En omdat die Gemeente (Kerk) bestaande uit alle plaaslike gemeentes in die wêreld één geestelike eenheid onder Jesus Christus is, naamlik, “die Liggaam van Jesus Christus”, moet alle Christene hulle inspan om die eenheid wat die Heilige Gees gee te bewaar! Hierdie eenheid word sigbaar gedemonstreer, nie deur 'n eenheid van organisasie (soos onder een pous, aartsbiskop, patriarg, konsilie, sinode, konferensie of kerkgenootskap) nie, maar 'n geestelike eenheid. Hierdie geestelike eenheid word sigbaar gedemonstreer deurdat alle gemeentes dieselfde God van die Bybel aanbid, dieselfde Verlosser van sondes het en deur die inwoning van dieselfde Heilige Gees. Hulle het dieselfde christelike geloof soos opgeteken in dieselfde Bybel, dieselfde liefde en dieselfde hoop.

### (3) DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE IS OM DIE VERSKEIDENHEID TE BEWAAR.

4:7

#### Vraag 4. Watter verskeidenheid moet die gemeente bewaar?

**Aantekeninge.** In Efesiërs 4:7,11 val die klem op die verskeidenheid van die Gemeente (Kerk). Hierdie verskeidenheid is die resultaat van 'n verskeidenheid van genade (vers 7) en genadegawes (vers 11) wat Jesus Christus Self aan sy Gemeente in die wêreld gegee het.

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid van genadegawes (geestesgawes) onder die lede van die Liggaam van Christus. Die lysie van genadegawes in Romeine 12:4-8, 1 Korintiërs 12:7-11,28-30, Efesiërs 4:11 en 1 Petrus 4:10-11 is nie bedoel om volledig te wees nie. Die verskeidenheid van genadegawes bevorder die eenheid van die Gemeente, omdat elke Christen sy of haar genadegawe insit om andere te dien en elke Christen die inset van ander Christene nodig het. Christene ontvang genade in verskillende mate en in verskeidenheid, nie vir hulleself nie, maar om ander Christene daarmee te dien, andere toe te rus om 'n verskeidenheid van bediening te verrig, om die wêreldwye Gemeente (Kerk) en plaaslike gemeente op te bou en om God te verheerlik.

Christene moet vier belangrike sake m.b.t. die genadegawes onthou:

- (1) Christene moet genadegawes beskou as 'n geskenk (1 Korintiërs 12:11; Efesiërs 4:7-8) en nie as die produk van hul eie kundigheid of vindingrykheid nie.
- (2) Christene moet elke genadegawe beskou as beperk in omvang, “volgens die mate waarmee Christus gegee het” (Efesiërs 4:7)
- (3) Christene moet besef dat sommige genadegawes “funksies” (bediening) soos “onderrig” (Romeine 12:7) is en ander genadegawes “ampte” (aangewese dienaars) soos “leraars” (Efesiërs 4:11) is.
- (4) Christene moet hul genadegawe(s) gebruik, nie vir eie eer nie, maar vir die welsyn van die hele Gemeente en tot Gods eer (1 Petrus 4:10-11).

---

4:8-10

#### Vraag 5. Wat beteken: Jesus Christus “het neergedaal” en “het opgevaar”?

**Aantekeninge.**

(1) Die teks in die Ou Testament en in die Nuwe Testament.

Die woorde in Psalm 68:18-19 word nie aangehaal in Efesiërs 4:8 nie, maar wel toegepas. Wat oor God in die Ou Testament gesê word, gaan in Jesus Christus in die Nuwe Testament in vervulling! Die Ou Testament en die Nuwe Testament is deur dieselfde Gees van Jesus Christus geïnspireer (1 Petrus 1:10-12) en omdat die Ou Testament die beste in die Nuwe Testament uitgelê word (Kolossense 2:17) en omdat die apostels van Jesus Christus die volledige openbaring ontvang het (Johannes 16:13-15), het die apostel Paulus die reg om wat daar oor God in die Ou Testament gesê word, op Jesus Christus in die Nuwe Testament toe te pas!

- In die Ou Testament

trek God met ontelbare strydwagens (dink aan engele en die krygsmag van sy volk Israel) van die berg Sinai (waar die Wet gegee is) na sy heiligdom op die berg Sion (waar die tempel staan). Hy voer krygsgevangenes (oorwonne volke) mee en ontvang geskenke (oorlogsbuit) van hulle. En Hy keer weer triomfantlik na sy woning (die tempel op die berg Sion) terug. Die ark wat van Sion af na die slagveld gedra is en na die oorwinning weer triomferend teen Sion opgedra is, is 'n duidelike voorafskaduwing in die Ou Testament van die vernedering van Christus (sy menswording) en sy verheerliking (sy hemelvaart).

- In die Nuwe Testament

daal Jesus Christus van Gods woning in die hemel neer na dit wat laer is, d.w.s. na die aarde wat laer is as die hemel. Na sy dood en opstanding uit die dood, keer Hy triomferend na die hemel terug. Sy hemelvaart word voorgestel soos die triomftog van 'n generaal wat na sy oorwinning na Rome terugkeer. So 'n generaal voer krygsgevangenes vasgeketting aan sy strydwa met hom mee en deel geskenke uit aan die mense in Rome. Ook Jesus Christus voer gevangenes met Hom mee.

In 2 Korintiërs 2:14 en in Efesiërs 4:8 is hierdie “gevangenes” christene wat Hy deur sy volbragte verlossingswerk in liefde (sy barmhartigheid en genade) oorwin het. Hy ontvang hierdie gevangenes as “oorlogsbuit” van sy volbragte verlossingswerk. Die Christene volg Jesus Christus nou in sy triomftog wat met sy hemelvaart begin het en met sy wederkoms 'n hoogtepunt bereik. Jesus Christus ontvang hierdie Christene om hulle met hulle genadegawes (geestesgawes) aan sy Koninkryk en die bediening van die Koninkryk op die aarde te gee. In Kolossenzen 2:15 is hierdie “gevangenes” nie-Christene, die owerhede en magte van die koninkryk van die wêreld wat Hy ontwapen het en nou in sy triomftog meevoer.

- Die genadegawes.

In Efesiërs 4:11 is “die apostels, profete, evangeliste, herders en leraars” genadegawes (geestesgawes) wat Jesus Christus aan sy Gemeente (Kerk)(en nie noodwendig aan elke plaaslike gemeente) gegee het om Christene toe te rus vir

die werk in sy diens om die Liggaam van Christus (die Gemeente) op te bou. Die genadegawes in Efesiërs 4:11 kan funksies in bediening wees (soos sendingwerk, prediking, evangelisasie, pastorale hulp en onderwysing), maar is eerder ampte (aangestelde dienaars) in die Gemeente (soos sendelinge, predikante, evangeliste, pastorale medewerkers en onderwysers). Wat belangrik is, is dat hierdie ampte (offisiële funksies) onder die leierskap van die raad van oudstes/ouderlinge in die plaaslike gemeente moet funksioneer, omdat die apostels van Jesus Christus die raad van oudstes aangewys het as die leiding in elke plaaslike gemeente (Handelinge 14:23; Titus 1:5; 1 Petrus 5:1) en hulleself as apostels nie bo die raad van oudstes (die kerkraad) gestel het nie (1 Petrus 5:1; 2 Johannes 1). Sommige oudstes (ouderlinge) kan een van hierdie genadegawes besit, maar dit is nie 'n vereiste om 'n oudste (ouderling) te word nie. Ook kan gewone lede in die plaaslike gemeente een van hierdie genadegawes ontvang (1 Korintiërs 12:11).

(2) Die menswording (die neerdaling) en hemelvaart (die opvaar) van Jesus Christus.

Die neerdaling van Jesus Christus na “dit wat laer is, nl. na die aarde toe” word gestel teenoor die opvaar van Jesus Christus “bo alle hemelruimtes”.<sup>4</sup> Die apostel Paulus in Efesiërs 4:9-10 en die apostel Petrus in 1 Petrus 3:18-21 verwys NIE na 'n neerdaling van Jesus na die geeste in die onderwêreld of hel NIE (om die evangelie aan hulle te vertel). Dit verwys na die neerdaling van Jesus Christus tot 'n posisie laer as wat enig mens ooit neergedaal het! Hoewel Jesus Christus heeltemal gelyk was aan God die Vader, het Hy Homself verneder (AOV ontledig), d.w.s. Hy het afstand gedoen van sy heerlike posisie by God die Vader in die hemel, die gevalle natuur van die mens aangeneem, soos 'n krimineel aan die kruis gesterf (Filippense 2:5-8) en was in sy menslike natuur van God verlate (Matteus 27:46).

Daarom het God Hom verhoog tot die hoogste posisie in die heelal, sodat elke knie voor Hom sou buig en elke tong sou bely dat Hy waarlik die Seun van God is, die Koning van konings en Heer van here (Jesaja 45:23; Efesiërs 1:20-21; Filippense 2:9-11; vgl. 1 Petrus 3:22). Niemand anders as net Jesus Christus het ooit neergedaal na 'n posisie waar Hy alle sondes van die wêreld en die straf vir die sondes op Hom geneem het nie! Niemand behalwe Jesus Christus het ooit opgestyg na die posisie aan die regterhand van God die Vader om God se plan van verlossing in die wêreld te openbaar en uit te voer (Openbaring 5:1-14)!

(3) Die Koninkryk van Christus in die finale fase.

Die triomf van Jesus Christus sal komplete wees wanneer Christus “alles met Sy teenwoordigheid vul” (Efesiërs 4:10). Die Christelike Gemeente (Kerk) sal die volheid wees “van Hom wat alles in almal vervul” (Efesiërs 1:23; 2 Petrus 1:4; 1 Johannes 3:1-3) en sal as “die Nuwe Jerusalem” op “die nuwe aarde” neerdaal (Openbaring 21:1-2). Christus sal heers totdat Hy alle vyande “onder sy voete geplaas” het (1 Korintiërs 15:25, vgl. Multivertaling). God sal “alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is onder één hoof verenig, naamlik onder Christus” (Efesiërs 1:10). Sy Koninkryk sal die hele heelal beslaan (Daniël 2:44)! En sy Koninkryk sal ewig wees (2 Petrus 1:11)!

---

#### (4) DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE IS OM ALLE CHRISTENE TOE TE RUS VIR DIE WERK IN SY DIENS.

4:11-12

Vraag 6. Hoe rus 'n gemeente Christene toe?

**Aantekeninge.**

(1) Die genadegawe van toerusting.

'n Gemeente rus Christene toe d.m.v. Christene wat aangewys is om ander Christene toe te rus. Hulle is deur Christus en die apostels van Jesus Christus aangewys as “apostels, profete, evangeliste, herders en leraars”.

“Die apostels” is “apostels van die gemeentes”, Christene wat uitgestuur word (as sendelinge) om 'n besondere taak uit te voer soos bv. die plant van nuwe gemeentes (of huisgemeentes).

“Die profete” is Christene wat die Woord van God aan Christene verkondig.

“Die evangeliste” is Christene wat die evangelie aan nie-Christene verkondig.

“Die herders” is Christene wat sorg vir die gemeente.

“Die leraars” is Christene wat die waarheid van die Bybel aan andere leer.

Die Christene wat hierdie genadegawes ontvang, beklee nie noodwendig 'n amp nie en is nie altyd die leiers (oudstes/ouderlinge) van die gemeente nie. Die leiding in die gemeente bly “die raad van ouderlinge” (1 Timoteus 4:14). Christene met bogenoemde genadegawes moet altyd onder die plaaslike raad van ouderlinge funksioneer. Natuurlik kan oudstes (ouderlinge) ook genadegawes ontvang om andere toe te rus (1 Timoteus 5:17).

---

<sup>4</sup> Grieks: εις τα κατωτερα [μερη] της γης + υπερανω παντων των ουρανων

(2) Die doel van die genadegawes wat toerus.

Die Christene wat die genadegawes ontvang het om andere toe te rus moet Christene help om Christus (en nie een of ander leier nie) te dien en die Liggaam van Christus (en nie een of ander kerkgenootskap nie) op te bou. Hulle word toegerus om een van die vele take of bedienings in die plaaslike gemeente of in die wêreldwye Gemeente uit te voer. Sommige Christene word bv. toegerus om evangelisasie te doen, ander Christene word toegerus om te praat, onderrig te gee, voorligting en advies te gee, mee te help in een of ander bediening, te sorg, te gee en te bid, ens. Ander Christene word weer toegerus vir die werk onder die kinders, die jeug, die vreemdelinge en die vlugteling. Geen lid van die gemeente behoort net die gemeente se byeenkomste passief by te woon nie. Elke lid van die gemeente behoort 'n taak te hê wat Jesus Christus Self aanwys (Markus 13:34; 1 Korintiërs 3:5-6).

Die Christelike Gemeente is al die mees invloedryke groep mense op aarde! Die wêreldwye Gemeente van Christus is die grootste bedryf op aarde! Dus, as elke Christen één taak in die wêreld aanpak dan sal die wêreldwye Gemeente nog 'n groter invloed op die wêreld uitoefen! Christene vertel aan mense in elke land van die wêreld van Jesus Christus. Christene is al besig om gesonde gesinne en gemeenskappe in die wêreld op te bou. Christene maak positiewe bydraes tot skole, hospitale en ander dele van die samelewing. Christene skryf goeie boeke om te lees, komponeer goeie musiek om te sing, en goeie visuele programme om na te kyk. Elke Christen behoort betrokke te wees om die Koninkryk van God te vestig. Die Koninkryk van God is die soewereine heerskappy van Jesus Christus in die harte en lewens van mense op die aarde (Kolossense 1:13)!

Wanneer 'n gemeente hierdie doelstellings najaag, sal die gemeente groei in geestelike kwaliteit en getalsgewys! En die gemeente sal God verheerlik!

---

## (5) DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE IS OM VERHOUDINGS ONDER CHRISTENE OP TE BOU.

4:13

### Vraag 7. Hoe word verhoudings in die gemeente opgebou?

**Aantekeninge.** Elke lid van die gemeente behoort betrokke te wees in die opbou van verhoudings.

(1) Verhoudings is gebaseer op die verantwoordelikhede vir mekaar.

Christene bou mekaar op deur die verskillende “verantwoordelikhede vir mekaar” in die Bybel te vervul, bv., om mekaar lief te hê, om mekaar se laste te dra, om mekaar te bemoedig, mekaar te onderrig en mekaar in alle wysheid te vermaan, ens. Bestudeer “ons verantwoordelikhede teenoor mekaar” in handleiding 1, les 11.

(2) Verhoudings is gebaseer op die Christelike Geloof en die persoonlike kennis van Jesus Christus.

Efesiërs 4:13 sê, “So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.” Die eenheid van ons verhoudings moet gebaseer wees op die Christelike Geloof. Die klem lê op “geloof” in objektiewe sin. Dit beteken dat die wêreldwye Gemeente (Kerk) en elke plaaslike gemeente gebaseer moet wees op die leerstellings van die Bybel (korrek uitgelê).

Die eenheid van ons verhoudings moet ook gebaseer wees op die kennis van Jesus Christus. Die klem lê op “kennis” in die subjektiewe sin. Dit beteken dat die wêreldwye Gemeente (Kerk) en elke plaaslike gemeente gebaseer moet wees op Christene wat Jesus Christus persoonlik ken as Verlosser en hul persoonlike omgang met Hom instandhou.

Dus, die onderlinge verhoudings van Christene moet gebaseer wees op 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus, op kennis van die Bybelse waarhede en op die gehoorsaming van hierdie waarhede.

---

## (6) DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE IS OM ALLE CHRISTENE TOT VOLWASSE DISSIPELS VAN CHRISTUS TE MAAK.

4:13-15

### Vraag 8. Hoe maak' gemeente dissipels?

**Aantekeninge.**

(1) Die doel van dissipelskap is volwassenheid.

Volwasse christene help ander Christene om tot volwassenheid te groei. Efesiërs 4:13-14 sê, “So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid...., soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.” Dan is ons nie meer onmondige kinders wat soos 'n boot sonder 'n stuur op die see rondobber en deur elke wind rondgewaai word nie, met dit wat maar verkondig word deur mense wat tot alles in staat is as hulle andere listig op 'n dwaalspoor wil bring nie. Ons help mense wat in Christus glo om dissipels van Jesus Christus te word deur 'n groeiende persoonlike verhouding met Jesus Christus te kry, deur hulle te help om 'n christelike karakter te ontwikkel en Jesus Christus te gehoorsaam. Die mikpunt van volwassenheid is om Christus gelykvormig te wees.



(2) Die gevolge van dissipelskap is standvastigheid, waarheid en liefde.

Sommige sigbare gevolge van volwassenheid is: standvastigheid, waarheid en liefde. 'n Dissipel van Jesus Christus word gekenmerk deur vas te staan op die waarhede van die Bybel, deur die waarheid te glo, te spreek en te doen, en deur liefde te hê in alle verhoudings en in persoonlike gedrag.

#### **STAP 4. DOEN.**

#### **TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Efesiërs 4:1-16.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Wil jy die vrymoedigheid neem om jou persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, is daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

#### **1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Efesiërs 4:1-16.**

- 4:1. Laat jou leefstyl pas by die roeping wat jy ontvang het.
- 4:1. Leer om sagmoedig te wees. Wees selfbeheersd onder provokasie. Laat jou nie uitlok om negatief te reageer nie. Moenie dit wat andere doen of sê gou as 'n persoonlike aanval beskou nie. Moenie op jou regte staan nie.
- 4:3. Span jou in om die eenheid in die plaaslike gemeente en in die wêreldwye Gemeente te bewaar.
- 4:4-6. Onthou dat daar net één God is (bo alles, deur alles en in alles), één Here Jesus Christus (God wat die menslike natuur in die skepping en in die geskiedenis aangeneem het) en één Heilige Gees (wat in die harte en lewens van christene leef) (vgl. 1 Korintiërs 8:6). Onthou dat daar maar één Heilige Boek (die Bybel) is wat die één geloof (die Christelike Geloof) leer wat alle mense sou moet hê. Onthou dat daar net één Liggaam (die Gemeente of Kerk) in die wêreld is en dat alle plaaslike gemeentes deel daarvan is.
- 4:7. Aanvaar die feit dat jou genadegawe 'n afgemete gawe van Christus is en daarom beperk is in omvang.
- 4:11-12. As jy 'n amp as leraar, herder, evangelis, prediker of sendeling het, dan is jou belangrikste taak om ander Christene toe te rus vir 'n taak in die gemeente. Tradisionele leiers (soos pastore, dominees en voorgangers) moet ophou om alles in die gemeente sêlf te doen, omdat die Hoof van die Liggaam wil hê dat elke lid van die Liggaam 'n funksie sal hê!
- 4:13-14. Jou doel as Christen moet wees om geestelik te groei en volwasse te word. Die standaard van volwassenheid is meer te word soos Jesus Christus. Twee terreine is belangrik: jou persoonlike verhouding met Jesus Christus en jou kennis van die Christelike Geloof in die Bybel.
- 4:15-16. Jou doel as Christen moet wees om te groei om soos Jesus Christus te wees en aktief deel te hê aan die groei van die wêreldwye Gemeente (Kerk).

#### **2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Efesiërs 4:1-16.**

Ek wil my daaraan toe om 'n paar Christene te help groei na volwassenheid in Christus, sodat hulle 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het, die Christelike Geloof in die Bybel goed ken en gehoorsaam.

Ek wil ook 'n paar christene toerus vir 'n taak in die gemeente, bv. om evangelisasie te doen, dissipels te maak en as sprekers op te tree of onderrig uit die Bybel te gee.

#### **STAP 5. BID.**

#### **REAKSIE**

**MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET** in Efesiërs 4:1-16.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
---	------------------	---------------------------------

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat hulle dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Efesiërs 4:1-16 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Eksodus 16:1 – 19:25. Maak gebruik van jou uitgekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode.
3. Memoriserings. Oordink en leer uit jou kop. (4) Verlossing is 'n geskenk. Efesiërs 2:8-9. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.